

ENGO KINDER- EN JEUGSORGSENTRUMS



SORGVERLATERSKAMP 2019

Tydens hierdie kamp, is die volgende temas gedek: Hoe behou ek balans in my lewe?, my verhouding met die Jeugsorgsentrum, dinge wat in plek moet wees vir wanneer ek die sorg van die sentrum verlaat, positiewe seksualiteit, begroting, die opstelling van 'n CV en hóé om voor te berei vir 'n werksonderhoud.

Die sorgverlaters het ook die geleentheid gekry om by 'n werksplek in te skakel sodat hulle vaardighede kon opdoen in die spesifieke areas van belangstelling, wat hulle moontlik in die toekoms as 'n beroep wil volg. Verskeie besigheidsondernemings in Bloemfontein het hulle tyd en harte oopgemaak vir die sorgverlaters, dit was vir elke kind 'n wonderlike ervaring om 'n smakie te kry van die grootmensewêreld. Die sorgverlaters se keuses van beroepe het onder andere ingesluit: onderwys, joernalistiek, kookkuns, eerstehulp, skoonheid, toerisme, gasvryheid, grafiese ontwerp, animasie en sweis. Dit is duidelik dat die kinders na die inskakeling baie meer doelgerig, gemotiveerd en positief was oor hulle toekoms.



Gedurende die kamp was die kinders ook betrokke by ontspanningsaktiwiteite soos swem, 'n potjiekoskompetisie, 'n maskerbald, 'n driegang maaltyd met 'n rooitapyt en die tema van die 'Oscars', die viering van menseregte dag, 'n geskiedenisstoer van Bloemfontein en 'n talent- en modelkompetisie.

Baie dankie vir elke skenking wat ontvang is, dankie aan elke personeelid wat betrokke was by die program. 'n Groot dankbaarheid aan elke kind wat die program bygewoon het, dankie vir julle entoesiasme, positiwiteit en alles wat ons by julle kon leer.

Engo Jeugsorgsentrum wil ook hulle opregte dank uitspreek tenoor die NG Kerk Vrystaat vir die borg van die Mooigenoeg Kampterrein. Die kinders kon heerlik daar ontspan en het die kamp ten volle geniet. Baie dankie aan elke besigheid in Bloemfontein wat bereid was om die kinders vir drie dae se vaardighedsopleiding in te neem. Sonder julle omgeeharte sou hierdie program nie kon plaasvind nie. Dankie vir die verskil wat julle in elke sorgverlater se lewe gemaak het.

Marcell van Rensburg
Maatskaplike Werker
Kampfasiliteerder